

Nadenkende vrae

Uitgawe 108: November 2024

Finansiële dienste en verteenwoordigers bring onvermydelik dieselfde gestandaardiseerde oplossing aan individue, ongeag hul verskille. Dit is deels as gevolg van verhoogde regulering en nakoming, maar in werklikheid het ons almal iets nodig wat spesifiek by ons behoeftes pas. Ons is uniek.

Ons gesprekke en debatte oor finansiële onderwerpe behels dikwels dat mense verby mekaar praat, omdat ons verskillende doelwitte en finansiële aspirasies het. Het ons nie almal ons eie drome nie, kom ons nie uit verskillende geslagte, families en agtergronde nie? Dit is juis omdat ons waardes, agtergrond en waardestelsel oor geld verskil. Geen wonder ons voel en hoor verskillend wanneer iemand 'n finansiële gesprek met ons het nie.

Ons het gedink om 'n paar nadenkende vrae oor ons persoonlike finansies te stel, want finansies is persoonlik. Terloops, daar is geen duidelike regte of verkeerde antwoorde nie. Indien jy oop is vir introspeksie en bereid is om jou eie vooroordele te ondersoek, kan dit 'n waardevolle persoonlike oefening wees.

Nadenkende vrae

1. *Wat is werklik belangrik en wat is binne jou beheer?* Ons samelewing is vol geraas. Ons word daaglikse gebombardeer met soveel inligting, maar **hoe onderskei ons wat werklik belangrik is?** Dit kom neer op ons eie denkpatriere, temperament en gedrag. Byvoorbeeld, het ek beheer oor die Rand/Amerikaanse Dollar-wisselkoers of oor my persoonlike maandelikse begroting?
2. *Aan watter finansiële gewoontes kan jy werk?* Die merkwaardige ding van 'n gewoonte is dat iets outomaties gedoen word en ons dikwels nie eers daaroor dink nie. Gewoontes dryf ons gedrag en in teorie behoort ons dit te kan beheer (wat deels verband hou met die vorige vraag). Wanneer oorskry ons ons krediet of bestedingsvermoë in plaas van om binne ons perk te leef?
3. *Wat is dit oor beleggingsvolatilititeit wat ons bekommer?* Markskommeling is nie die permanente verlies van kapitaal nie, maar bloot die op- en afbewegings van finansiële markte. Ten spyte van oorweldigende gedragsdata, waarom doen soveel beleggers die verkeerde ding op die verkeerde tyd? Dalk help dit as ons 'n fooi eerder as 'n boeteperspektief op volatilititeit het. As jy toegangsgeld betaal, is dit vir 'n vorm van nut of genot, soos om 'n wedstryd of fliek te kyk, of 'n ronde gholf te speel. 'n Boete beteken egter jy het iets verkeerd gedoen. Skommeling is toegangsgeld vir beter opbrengste oor die langer termyn. As jy dit nie betaal nie, moet jy met 'n swakker uitkoms tevrede wees;
4. *Wat is jou verhouding met geld, en hoe beïnvloed dit jou finansiële besluite?* Of, watter emosies wek geld en finansies by jou op? Het jy 'n ingesteldheid van oorvloed? Sou jy jouself spaarsamig of selfs suinig beskryf? Dikwels vorm 'n persoon se ervaring (goed of sleg) 'n spesifieke "geldverhaal" en maak dit rasionele (die uitskakeling van emosie) of onbevooroordeelde (byvoorbeeld die gebrek aan selfvertroue, of oormatige vertroue) besluitneming moeilik;
5. *As jy die tyd kon terugdraai, wat sou jy vir jou 25-jarige self kon sê?* Dit is 'n goeie denk-eksperiment en beslis nie 'n oefening van spyt nie; dit is eerder om te

reflekteer en moontlik insigte te deel met ander wat wil luister en leer. Ek het onlangs 'n aanhaling van die skrywer D.H. Lawrence teëgekom: "As ons net twee lewens kon leef: die eerste om foute te maak, en die tweede om daaruit te baat." Het elke geslag nie daardie geleentheid om te luister en te leer nie?

6. *Kan jy dalk naïef wees oor iets omdat jy nie eerstehandse ervaring het van hoe dit werklik werk nie?* M.a.w., onder watter omstandighede oefen ons, of ander, ons keuses uit? Ek het geen idee wat mense moes deurmaak tydens die depressiejare nie, wat nog te sê ná die Tweede Wêreldoorlog en hoe daardie jare hul realiteit gevorm het, om nie eers te praat van iemand wat in 'n plakkerskamp oorleef of 'n gesin versorg nie;
7. *Wat ignoreer ons vandag wat oor 5 of 10 jaar voor die hand liggend mag lyk?* Is dit nie waar dat ons, wanneer ons terugkyk, hierdie "kyk net" oomblikke het nie? Hoe kon mense dit geglo het? Veral ná 2008 se finansiële krisis en onlangs COVID. Wat mis ons oor kunsmatige intelligensie (AI)? Is daar iets oor krypto-geldeenhede wat ons dalk oorsien? **Alles maak sin met 'n terugblik;**
8. *Wie mag dalk die regte antwoorde hê, maar ons ignoreer hulle omdat hulle nie welsprekend genoeg is nie?* Hoe word ons deur 'n narratief wat goed klink, eerder as of dit waar is, beïnvloed? Ons hoor dikwels diegene wat die hardste lawaai maak. Ons hoor diegene wat kontroversieel is. Na wie luister ons omdat dit goed klink of sin maak, maar dalk onvolledig is gegewe die kompleksiteit van die wêreld? Mense hou van goeie stories, maar om welsprekend te wees, of 'n goeie storie te vertel, is nie dieselfde as om die regte antwoorde te hê nie.
9. *Hoeveel is vir my genoeg? Of anders gestel, na wie kyk jy op, of bewonder jy (vir wat hulle bereik het), maar is dalk onwetend ongelukkig?* Dit kan 'n vraag oor tevredenheid en geluk wees. Die meeste van ons, insluitend myself, wys meestal net die goeie kante van onself. Die leefstyl, of 'n motor wat iemand bestuur, is slegs 'n klein deeltjie van die werklikheid. Wat sou jy sien as jy binne 'n ander persoon se gedagtes kon kom? Hierdie vraag help my om meer empatie vir ander te hê.
10. *Hoeveel dinge buite my beheer het bygedra tot die dinge waarvoor ek graag krediet wil neem?* Vir my is dit 'n nederige gedagte. Om te sê dat iemand gelukkig was, mag soos 'n belediging klink, maar as jy regtig daaroor nadink: die land, die na-oorlogse era, die dorp en familie waarin jy gebore is, het grotendeels jou lewensgeleenthede bepaal. Dit alles was buite jou beheer. As ons hierdie gedagte laat insink, besef ons vinnig daar is soveel verskillende maniere waarop ons lewe kon verloop het.

Seisoensgroete

Dankie dat u ons briewe gelees het. Ons wil graag vir almal 'n geseënde Kersfees en 'n vreugdevolle tyd saam met familie en vriende toewens. Dit is 'n tyd van die jaar om te reflekteer en te herevalueer. Mag 2025 'n jaar wees waarin goeie en regverdige leiers in Suid-Afrika seëvier. Mag dié wat teen misdaad en korrupsie veg, sukses behaal. Mag ons 'n positiewe houding handhaaf en die algemene atmosfeer verander wat 'n nuwe nasionale regering meegebring het.